

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)**

In die saak tussen:

JOSEPH FREDERICK BOTHA

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

UITSPRAAK: 22 AUGUSTUS 2008

GRIESEL R:

[1] Die appellant is op 30 September 2005 in die streekhof skuldig bevind op 33 aanklagte van bedrog sowel as 13 aanklagte van valsing. Die aanklagte is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en op 14 Desember 2005 is hy gevonnisd tot vyf jaar gevangenisstraf met inagneming van die bepalings van art 276(1)(i) van die Strafproseswet. Verlof om teen sy opgelegde vonnis te appelleer is later op petisie aan die appellant toegestaan.

[2] Intussen, op 13 Maart 2006, het die Staat voor 'n tweede landdros aansoek gedoen dat 'n opgeskorte vonnis van vier jaar gevangenisstraf, opgelê op 8 Julie 1999, teen die appellant in werking gestel word. Sodanige bevel tot inwerkingstelling is wel op 25 April 2006 deur die tweede landdros toegestaan.

[3] In sy betoogpunte het die appellant se advokaat weinig aandag aan die appèl teen die opgelegde vonnis gegee en tereg so. Volgens my oordeel is daar geen gronde waarop hierdie hof met die opgelegde vonnis kan inmeng nie. Die advokaat se betoog was eerder toegespits op die inwerkingstelling van die opgeskorte vonnis. Daardie bevel is egter nie appelleerbaar nie, maar beide partye was dit eens dat hierdie hof wel, ingevolge sy inherente hersieningsbevoegdheid, by magte is om daarmee in te meng, indien nodig. Beide partye was dit verder met mekaar eens dat, in die besondere omstandighede van die huidige saak, daar wel met die betrokke bevel ingemeng kan word.

[4] In hierdie verband toon die appellant se SAP69 dat hy op 8 Julie 1999 te Pretoria weens bedrog gevonniss tot vier jaar gevangenisstraf, wat opgeskort is vir vyf jaar. Die opskortingsvoorwaarde is soos volg bewoord:

... OP VOORWAARDE DAT BESK NIE WEER SKULDIG BEVIND WORD AAN BEDROG, DIEFSTAL OF ENIGE POGING DAARTOE IN DIE TYD VAN DIE OPSKORTING.

[5] Hieruit blyk dit dat die *skuldigbevinding* is wat binne die opskortingsperiode moet plaasvind – nie die *pleging* van die misdaad nie. Of dit inderdaad die oogmerk was wat die eerste vonnisoplegger wou bereik, is debatteerbaar. Hoe dit ookal sy, uit die feite is dit duidelik dat die appellant meer as 6 jaar na die vorige vonnisoplegging aan die huidige misdade skuldig bevind is, dus *nie* 'in die tyd van die opskorting' nie. Dit volg hieruit dat die tweede landdros nie by magte was om die opgeskorte vonnis in werking te stel nie. Daardie bevel moet derhalwe tersyde gestel word.

[6] Ek moet beklemtoon dat hierdie bevel, sowel as die Staat se toewyding daaromtrent, berus op die veronderstelling dat die bewoording van die opskortingsvoorwaarde soos uiteengesit in die SAP69 korrek is. Die Staat was nie in staat om die oorspronklike hofbevel waarin die vonnis vervat is te bekom voor die aanhoor van die huidige appèl nie. Dit volg dus dat indien dit later sou blyk dat die oorspronklike opskortingsvoorwaarde inderdaad anders bewoord is, dit die Staat sal vrystaan, indien aldus geadviseer, om opnuut aansoek te doen om inwerkingstelling van die betrokke opgeskorte vonnis.

[7] Bygevolg word die volgende bevel uitgereik:

1. Die appèl teen die opgelegde vonnis word van die hand gewys.
2. Die bevel gedateer 25 April 2006 onder Saakno 30/29/2002 tot inwerkingstelling van die opgeskorte vonnis van vier jaar gevangenisstraf word tersyde gestel; met dien verstande dat indien dit sou blyk dat die betrokke opskortingsvoorwaarde anders bewoord is as in die SAP69 uiteengesit, dit die Staat vrystaan, indien aldus geadviseer, om opnuut aansoek te doen om inwerkingstelling van sodanige opgeskorte vonnis.

B M Griesel

B M GRIESEL
Regter

GOLIATH R: Ek stem saam.

Goliath

P L GOLIATH
Regter